

Leidraad:

bydraers alfabeties:

Phil du Plessis

Wessel J Groenewald

Neels Nothling

Anneli Pienaar

Tjaart Potgieter

Henk Rall

Casper Schmidt

Mannis Stenvert

Chris van Niekerk

George H Weideman

PHIL DU PLESSIS -

droogtekoei 'n requiem  
redemptus est  
plafonengel  
idiot  
twee vertalings  
tap  
klein mirakel  
houtsnee  
uitvaart

DROOGTEKOEI 'N REQUIEM

dies irae  
bars slote  
tussen hangende  
heupe hangende  
vog verdroog  
tuba mirum  
gerimpelde tepels  
kyrie  
eleison  
miserere reën  
krak sonder melk  
vul met spoelsand  
sperm op spoelgrond  
vir spreus  
aasvoëls requiescat  
tussen uitgedroogde  
horing agter  
ribbes skeur  
ooglose  
tonglose holtes  
ribbes slierte  
velnat  
waaisand en  
dies irae

REDEMPTUS EST

die jongman pers  
sy blou lippe  
gelowig saam  
stuur sy gesig  
deur grys vroue  
monniksgewaad  
maak  
met sy siel  
die spieël voor hom  
sag  
deur bloedlig pienk  
sy verskrikte gees  
reguit  
sontoe

PLAFONENGEL

my pienk lyf  
jag eindeloos  
saters  
vriendelik  
vasgeplak  
teen 'n skuimende blou hemel

## IDIOOT

blinde oë  
kortgeknippe tong  
rye tandé blind agteroor  
skreeu  
van die pyn sonder rede  
van wees van byna nie wees nie  
van die onmens sonder rede  
skreeu rye tandé  
getandé oë  
blind agteroor

kortgeknippte tjank

## TWEE VERTALINGS

1 - na Meisetsu

kluite  
wat beweeg?  
nee - kwart

2 - na Tandanori

ingehaal deur die donker  
maak ek 'n boom my herberg  
my gasheer is vannag  
'n kersiebloeisel

TAP

tap

die vog uit winterbome  
sny die sipresse  
paddastoel bokant die rook  
laat my brein  
rooiblomdoring uitkolk  
in 'n ysterpot  
kook my arms  
sintetiese plantvetschmaltz  
ontbloot my liggaam  
aan die  
erotiese hitte  
van die son deur 'n winkelvenster  
dan ! sal ek oor jou heenloop  
en my alleenskadus wreek

KLEIN MIRAKEL

ek het aan die maagd  
'n kleed geskenk

sy het geglimlag  
en my op haar glans laat vaar

ek het aan die maagd  
'n kleed geskenk

## HOUTSNEE

bome in die son  
deur teer omring  
identiteitloos  
- selfs tussen die strak beton  
vervaag hul slank lyn  
in die spieëling  
van grys en swart

## UITVAART

- vir Larry Scully  
geometries gespanne  
vure  
stoei symmetries  
met die raam  
deurboor dit  
met wit en swartgrys dorings  
  
gloeiende komete  
smeul  
oor groter wydte doek  
  
smelt  
in koeler ligroos uitspansel  
sensueel deurligbare mere  
'n gebalanseerde anargie  
amorfie vlakke  
sonder raam

WESSEL J, GROENEWALD -

dualiteit van elegiese ontbinding  
grenssituasies  
tot aan die voleinding  
rooi hordes

## DUALITEIT VAN ELEGIESE ONTBINDING

'n porsie brein verdwyn  
gou in die stankend klei  
op die skinkbord van 'n bomskerf  
'n arm wil nog halsstarrig  
die laaste weerstand  
bied  
teen die elemente opgeslurp deur  
gulsig mandibels verwerk deur  
vyf millegram tripsien  
verwaai benat verweer  
van 'n warm worm se slap spysverteringskanaal  
totdat vel en vlees aar en sening  
triceps en biceps  
verwaai verbrand en benat  
my transformeer tot  
ekskreta  
en my arm wat nou nie  
meer halsstarrig is nie  
groeibodem  
vir vet madonnalelies  
verskaf alreeds verpes  
gestroop  
verwaaiide benatte verbrande kalsium.

Sy kom pluk blomme ook vir my. Sy dink ek lê (of ten-minste wat hulle van my kon kry) onder 'n sware grafsteen.  
My glimlag lê en gryns op die breeë kroonblaar van die  
lelie getemperde halsstarrigheid in die groen stingel.  
Stukke vel nou geel en wit. Fotosintese benut my  
vryelik in die erdepot op die graf waar sy woon.

## GRENSSITUASIES

Opgerol klappend onbewus wagtend -  
op geboorte  
met bewussyn  
klink monotoom tegelyk  
roepend en  
verlatend  
(alle intimiteit saamgevat/konklusie:  
'n stryfgetrekte inkantasie -)  
die eerste vae tenette van bewussyn ..?

## TOT AAN DIE VOLEINDING

Die ure  
soos demone prik:  
(vanaf 622 redding deur die swaard;  
in 1553 borrelende Servet braai in Geneve)  
met hete vurke pretensieloos  
- oop transparante baarmoeder  
dragtig aan vraag  
na vraag hygende konsepsies  
(Utopia in 1917 nie meer ver nie)  
van wat eendag  
sal/moet wees  
nou IS  
S K E L E T F R A G M E N T E .

ROOI      HORDES      (Opgedra aan die voëls van die hemel  
en die lelies van die veld wat geen  
ideologie ken nie)

Die virusse knaag aan my retina  
en alles disintigreer  
ek glo  
nog 'n bietjie aan God die mag van die gees oor die vlees  
ek sien  
swart spikkels geperforeerde masjiengeweeloop gate  
en prikkels kwanta gedistilleerde bewussyn ontsnap  
uit die lekkasies van futiliteit  
die virusse vreet en vreet, nivelleer en nivelleer  
deur oogsenu en oogspier á la Freud en Adler  
kaal vlaktes van wanhoop gaap dorstig oor my korteks  
en kanker en teer  
d i e p e r  
en dieper

tot aan die rand van die groot dorsland ..

Elektrodes silwer en goud  
psigoanalise stel die funksie van my breinkorteks as geheel vas  
terwyl die virusse al met die oogsenuwee deurdring ..  
na die dorstige vlaktes van die grysstofduine  
en witstofleegtes voortsnel met aaklige subsoniese gilletjies  
en verroes die elektrodes met hulle snel toenemende ekskreta  
wat onder die kranium saampers  
die dokter analyseer in desperate kapitulasie die doodse vlaktes  
waar die nukleinhordes soos tuaregs veglustig voortsnel  
en my wêreldjie afbreek

NEELS NOTHLING -

perron

skimmel spons

in vreemde land

warm son

trein

terugkeer

## PERRON

hier's mense (slim diere) op 'n knop  
te vertrek te kom  
die hoë koepel die deksel van 'n pot  
in hom oorbly die afval dit wat stink  
vir die godjies wat kla  
dinge is nie meer wat hul was as jy my vra  
tye het verander en die nuut is nie so goed  
soos die gewese wat was en dis tyd dat die  
Kok sy resep verander en nuwe groente plant  
of die oues vir die varke gooi wat dink jy?

## SKIMMEL SPONS

spinikel spinokel of sponikel  
kolletjies wikkel en gelag ek's getikkel of getokkel  
wielietjies waggel die snor rittel 'n traan biggel  
ek's 'n boggel 'n aap wat oggel oggel (aaklige geroggel)  
siekteswamme vreet my neus en die wurms proe my bloed  
sponkel sinkel of spinkol  
ek's pogemoer ek's opgevreet

#### IN VREEMDE LAND

ek is alleen en die goed hier vind my snaaks  
hulle vat orals en kêkkel soos pikkewyne  
en dan begin hulle pik en smaaklik kou  
dis eerstegraad  
ons wonder of ons van sy been meel kan maak.

#### WARM SON

En die son was op. Hy't my vertel van gister  
soos hy was 'n bloedkol  
homself geprys hy's op sy pos  
in opstand het ek KARAS hart van vuur 'n vreemde god  
die donker son my wrewel laat hoor  
en ongeskeer reeds stoppelken nog swarter van roet  
hom in die oog gekyk  
blind die vloek laat hoor  
laat 'n magtiger een as ek jou breek  
jou vuur jou lig siedende hel en  
jou skop die niksheid die tydloosheid in

## TREIN

net ek en die nag het gehoor  
toe hy deur die donker stilte breek  
en met diep gestamp op ysterspoor  
die klowe wakker skud  
die wit lig het langs die helling  
af gepriem geboor  
en al soekend oor bos en skaduwee  
die ligslang aangevoor  
dit was sy lewensbaan  
koud - 'n glad groef van metaal  
reguit en lank  
en luister kyk: op die laaste draai  
het die lyf geknak -  
soos 'n ouman moeg en pap die stasie ingerol.

## TERUGKEER

in die pikswart nag van sy koue  
gewaar die ou man die bondel sterre  
wat saam een word en in 'n vlamstraat  
a  
f  
v  
a  
1;  
lang vuurvingers wat in die hemel gryp -  
'n wonder van die verbye tyd en iets wat  
jare van miljoen en nog meer gelede (so  
sê hulle, die dom geleerde) maar almal was bang  
geen wet kon dit bind.

ANNELI PIENAAR -

verlange

skemer-stilte

## VERLANGE

Troosteloos die reën teen my kamer se ruite  
en alles is grou en grys en verlate  
daarbuite;  
Maar hier binne is lig en die lig is my lewe,  
waar ek alleen teen die buitenste bewe;  
Hoe lank nog die tip-tap-tip van die druppel?  
Hoe lank nog spartel om nie te verkruppel  
onder die las van verlange<sup>9</sup>  
Waarheen die gadagte in stikdonker nagte? Waar-  
heen die drome in ure van slomer? En  
bange verwagting dat alles na lange ver-  
smagting tóg anders sal wees, . .

En die reën drup voort en die liggie brand  
flouer; die angs en verlange akkoord snik, in  
die ligkol al nouer ..

## SKEMER-STILTE

Stil tevrede by jou ..  
Waar heel my siel ontvou  
In oomblikke van vrede,  
En oor die skemeraand die rede  
Van my rustigheid verraai.  
Waar siel en hart in eenheid draai  
Om enkelpunt van liefde ..  
Waar in ons oë se diepte  
Weerkaatsing van ons lewe lê -  
So verstil die weemoed en ontsê  
Is van las van stil verlange ..

TJAART POTGIETER -

grammar

i have reached

alice in wonderland

sea scream

## GRAMMAR

I sat under a tree and ate the apples which lay around me. I watched the birds that flew about and fed their young. I felt the wind which blew through my hair and swept the leaves before it. I saw a boy who caught a fish and laid it on the grass.

## I HAVE REACHED

I have reached the end of time  
the watch shall no more be silily in my ears  
the watch shall die

why should one do this?  
because there is no other thing to do  
because the sun and stars have said: do this  
                                one can only scream  
not even scream                    but be quiet  
and cannot be quiet?  
to be quiet is the only way of screaming

From?

ALICE IN WONDERLAND

(- for the time being)

Based on Amerindian songs from a book by  
Jaime do Angular,

1 .

rattle, warsong, hundred  
locust, I,  
I never die  
song of the sun  
burning  
gleaming like a hundred soldiers  
I am a war song

2 .

I rot in the sun  
rot when the fly comes smelling  
big flies smell at the rotting me  
go away  
I dream  
rotting in the sun

3 .

I look for locust  
not bee  
locust shall be my song  
totem for me  
power in the sun  
whirring  
rattle  
power for me

4.

I lie between golden sun  
and golden sand  
flash  
glitter  
news from my home  
news brought by a cross in the sky  
and I look  
at hills

5.

old beggar-woman  
with backhouse  
at what do you look  
without eyes

6.

the moon is dying  
the night is coming  
coyote howl  
my soul is dark  
and the moon  
is bitterness in my heart

7.

my head,  
not arrows, in my  
quiver

8.

sun blind  
power  
I call  
where are you

SEA SCREAM

- a happening

poem one:

there has always been this quiet  
the girl is also still perhaps  
she has moved one finger or  
five or ten or an arm  
with slow quiet and also one foot  
with beauty dancing quiet and beauty  
the sound of her heels has alive a  
rhythm of life of sound that is  
starting to move sea alive  
overwhelmingly alive quietly the sea  
screams

poem two:

light that has been green also white on  
the woman high sitting millenniums

poem three:

scream one two or three  
inches movable a great crane  
a man and two others that move  
shifting people and objects with strength  
and great sound and red and white  
also the rotting sea always with us  
that beautiful sound

poem four:

that beautiful sound of slow spasm  
dying a flute quietly  
the rain and the wind perhaps  
the snow silver feet

poem five:

the rise the ebb tide  
and the sea  
screams  
and ebb of those who have seen the sea scream

HENK RALL -  
kosmos  
komplot  
fees  
buite-pasiënte  
halfmense  
kunsuitstalling  
kanker  
orgasme  
framente uit: die helbos

KOSMOS

Uit 'n skemerslaap om die kern val  
rypfynklanke die máát uit:

hallusinasies van makabere geraamtes op  
apokalipiese perde  
en slagters op die mure wakker in die  
skemerslaap

daar's mense wat mikrobies in die derms  
van die aarde wriemel;  
op 30,000 voet lê hierdie aarde witgeskyt  
van dorpies, dorpe, stede liggies  
en die koue staalstang van die witwet  
(hang lank, swart nag,  
want Yeats se ruwe dier  
hang halfmas aan 'n wêreldkruis)

o bou vir my sintese tussen  
eilande wat drywende  
'n nuwe boodskap het  
en die Suiderkruis wat pyl hang  
in die tregter van die hart

'n opwindende tydwind waai  
helure en'n priesterdigter saam  
en Atropes knip die lewensdraad.

### KOMPLOT

In Wall-staat sluit 'n agterdeur  
'n jas en enkelkaartjie êrens heen -

die liefie met die hermelyn  
loer skuinsoog uit 'n huurmotor en  
stap so, oe, so kropduifbors  
Berlyn se Hilton binne.

Oor watter rooison-horison sal  
bloed weer dié keer kom?

### FEES

Wit ligte waai vuurspeek en sterverdwaal,  
vanaand sny hierdie volkie weer  
mals gerwe uit sy spogland eer -  
hoe raas die splinterklank gebreekte taal.

Ironies dié ding van hosanna en vergeet  
van nagvrouens met visreuk aan;  
klap hard aanstons en, ag, beaam  
net niks waarvan die brein se stil pool weet!

En iemand dink aan solderappels, uitskotgoed,  
oor môre se outopsies in koerante,  
oor watter lot in watter hande  
en draai 'n vers onsterflikheid-is-soet.

#### BUITE-PASIËNTE

Dis rou-rooi en die pyn lê baar -  
maar bitter min weet hoedat daar  
agter die maskerige stil paar oë  
ander flenters pynlik voeg en paar.

#### HALFMENSE

(Namakwaland en elders)

Dis blomglad en dis lekker-bly

vir dié soort wat dogmaties wei:

Die vis-en-weerlig-wonder wat in water is,  
traak nie solank daar wáter is.

Vergeef, groot God, die sond e en die wyn,  
maar boweal hul masker-sonder-pyn.

## KUNSUITSTALLING

Uit koperlipdoek kom 'n wêreld los  
totaal met ligare en kinetiese hart  
wat onvermoeid 'n eie erkening uittik

en die brug slaan

tussen 'n edelgesig  
in opgebreekte lig

en blink beweging wat geen erosie  
ondergaan nie.

'n Rooi luiperd in die bloedkreet van genot  
stort sy gekweste, gekolde kwyl  
tevergeefs in rooi-op-doek uit  
want klein voëltjies lig  
pik verbloemd gulsig  
alle kleur in prisma's op  
en kots dit fyntjies  
in staalblink silinders uit.

## KANKER

Onderkant my bladbeen woel  
bitterblou die kankerkrap  
en ek hoor hom voel-voel  
my daggies aftel in sy sak.

## ORGASME

Oor die sponsbeweging van jou lyf het ek gesalomo:

o vroegmôrebruid uit gisticaand so feniksvuur,  
klein liefling, droomding wat die nag lank duur.

Twaalf wit voëls swem nuwe strome oop deur brein  
en pienk glasvog waarin pudendale krete ons berym  
as ouforiese kadawers met 'n dunwitsagte bekkenlyn.

FRAGMENTE UIT: DIE EELBOS

Die nag het 'n effense windjie en die sterre het ophou  
raak aan die bome en verder gaan hang,  
gaan herfshang soos klein, warm mane in die kouer  
lug van hierdie Mei in sy laaste kleurvalle.

Nog 'n lig, 'n maan, 'n ligmaan wat lig laat deurval  
in sproeisels deur die donker van die kerfsnag  
en deur my.

Ons gaan die wind terg: teen hom en in hom  
en saam met hom en deur hom hardloop  
en verwaaai word in hierdie laattuur  
waar die slaap dikoog deur die strate sluip  
en die lewe uitsuig soos bloedsuiers.

Ons gaan warrel tussen die droëplataanblare  
en speelmaters word van die stukkie maan  
en die lewe wat blý leef in die nag  
langs konkas vure en kragsentrales -  
tot die groot, swart voël wat nessit oor die aarde  
sy vlerke lig sodat dit dag kan wees:  
en dan dans ons die dag in met 'n voordaggroet  
warm soos 'n kwartelbors op eiers.

Toe die duiwel besluit het om God oor te maak,  
het hy jou gemaak: klein diktoriale godjie  
wat met sy vinger op die kwaad rondloop  
en die oordeel afroep op almal wat buite  
die beskimmelde groefie van jou bestaan  
saamleef met wat eeu na eeu ontroer het,  
Dis julle wat oneerlikheid uitgespan het  
wat soos siek swamme aan die mensheid kleef ...

ek is "bang vir die clam klewerigheid van jul hande  
en die benoude krepitasies van jul borste;  
ek is bang vir die siektes wat in sulke donkerte  
anaërobies woeker en sy gasheer gelykmaak aan  
weefsels sonder boodskappe en 'n brein sonder indrukke.

.....

O, mag die gode ons in smeltkroese  
en met loog suiwer dat net dié oorbly  
wat oor dinge dink en praat wat vol  
van die mens se bitter geboortes sit,  
uiting is van sy worsteling  
in die krom groewe van die brein.

Iewers, in 'n vroeë tyd, het die Melkweg  
die aarde uitgeskil en 'n plek gemaak  
vir elke eerlike motief en uitgryp uit die donker;  
en tog:  
êrens langs die pad het die meeste agtergebly  
en atavisties gesperm tussen bollende dye.

.....

Dis nie 'n tyd om te slaap nie! Om narkoties  
dié helderte te relegeer tot 'n onbewustheid nie!  
Hulle slap: in kamers en krotte en latrines  
en snork die ou-lug oor en oor in hul longe in  
in 'n kwispelende, lispelende sipresstem.

Mý bloed is rooi boodskappe na die brein en spiere!  
Dis 'n nag vir die gode, vir dié wat met hul oë  
en harte sien en die beeld môre witlig, witlig  
mors in die nou beklemmings en donkertes van  
die miljoene wat nou slaap en môres norsgedroom is.

.....

CASPER SCHMIDT -

oomblik van skep  
markant om middernag  
kankere muse  
ontsyferinge van die noösfeer  
patafisika  
en 'n geseënde nuwejaar  
ode: klein en eensaam nag  
duaal  
rebels  
iets soos knolle en sitroene  
dood langs aan  
heilige stad

#### OOMBLIK VAN SKEP

as my ore kore hoor                engele wat  
              silwer triangles is en klingel as  
my hart vibreer                'n diep sonore  
              goue basse gong vibrerend  
uit die regop toring van 'n slaweklok  
              as ek konsentreer                my intelligensie  
op brandpunt bregma                alle emosies  
              en herinneringe                op eindpunt omega  
hipnotiseer ek                swaai visstokke        katrol op  
              uit die diep verlede                woord versreël  
strofe        vers        siklus        bundel ouevre  
              bloemlesing        literatuur                'n weermag  
onbeheerbaar groot                'n vangs van manne  
              trots soos woorde                wat regopspring  
op bevel        loodreg                en opkyk                reguit  
              die oneindigheid in

#### MARKANT OM MIDDERNAG

die motor wat aankom sag langs die nag  
is maar net twee ligte  
die robot maar net 'n sonsproeiige glos

die jasse van chirurge wat oor jou buk  
is maar net wit lappe  
en dood maar net 'n gelanseerde asemstoot

## KANKERE FUSE

Ek geur na 'n koue kadaver  
klaar gedissekteer en opgefok  
Ek geur na kalkige bene  
en die velde van Ragnarok  
Ek geur na 'n maer mummie  
diep in derms van die Sfinks  
Ek geur na 'n vrot foetus vasverkalk in  
formalien

Ek geur  
en Ek geur-geur  
altyddeur

## ONTSYFERINGE VAN DIE NOÖSFEER

Ghromil an ghrift;  
wi ton wihenna boor –  
ra shambri (ra shambri!) opti  
(opti!) wennoor!

Fos fotin seta  
boreala om petami  
ada shin tonga  
fe riemanol, jajami.

Toe giro palinbas  
kil om me brang;  
mensis apsou lit  
a leensy leeve lang.

## DUAAL

oor 'n reuse amorfe sampioen  
geel en rooi en winderig en wit poos die  
kweker  
buk laag  
ruik aan die stoelsel  
en lig sy oë hemelwaarts  
is dit eetbaar of gif amen

## REBELS

ek wou 'n sonnet skryf uit pure haat  
teenoor die smorende stingelranke  
van die samelewing ek wou uitgil  
teenoor die onnosel burokrasie -

ek en my vriende het nesse idees  
uitgebroei onder 'n hen en versorg  
en slinks opgevoed ek het domastrant  
hulle slegs op linkse leesstof gevoer -

ek het sterk planne bedink en mense  
saamgebring in 'n massa soos beeste  
in 'n kraal ek het hulle hokgeslaan  
en snags met 'n dosis gif aangehits -

ek wou die hek oopgooi dat hulle vaart  
die massa plat kon lê - MAAR EK KON NIE

IETS SOOS KNOLLE EN SITROENE

Die outomatiese kamera  
verander van gedagte  
en neem 'n selfportret.

DOOD LANGS AAN

met die finaliteit van 'n sterwende olifant  
rook my buurman op sy sterf-  
bed 'n sigaar en sproei die rook  
in die vorm van marmotjies ontdekkend oor  
'n gesedimenteerde ideewêreld uit  
(oor 'n put se diep bo-  
dem begin marmotjies stadig  
soos herinneringe snuif)

met die finaliteit van 'n sterwende olifant  
asook onder medewerking van die ywerige dood  
wat sy longesteel / uiter  
hy 'n stil stom kreet  
palinode!  
op sy groot en rustige, familiale gehoor

Waarlik gil hy die dood is  
die oopbrek van 'n dolleë  
eierdop  
(wurg) (wurg)

## PATAFISIKA

Waar in die woestyn  
die bossies in die natste skeure welk  
het 'n kameeljas- en sandaledraer  
dolend rondgewandel  
met sy vingers feitlik vergroei  
om die wit horings- van 'n gazelkopbeen

en hy was dolend in transit  
en in transit was hy naby my gewees  
en hy het my vertel:  
ek dan is god die vader  
in geheel en al  
volkome onsigbare wese

en dié woestyn  
het ek angstig verlaat -

## „EN 'N GESEEËNDE NUWEJAAR“

die oggend na die aand vantevore  
- die nuwe voordagson emitteer dampe  
wat verdiepings hoog soos vog bly hang  
en my met molmwolkige mis bemes vir 30 dae -  
ginwalging brandywalging vodkawalging  
waaaaaaaaaaaaàálging

ODE: KLEIN EN EENSAAM NAG

alles noteer ek aan onder die maan  
om my hoop op krukke te laat staan:

kaasgroen  
fragmente sagnat gedrapeerde  
wolke  
rondom die brak blasè  
van pramberge op die harde plato  
waaroor 'n warm  
en bloedige godsdiestige wind uitswaai  
vertoornd  
soos die koue gluur van 'n koning  
oor sy yl afgemaide troepe:

(streepmuse  
vaagweg verweg stadig naderslepend  
oor die stywe stertpenne van moedertjie aarde  
waarbo 'n groeisel aan die vlies van die hemel  
'n ulser kaasgeel ulser 'n maan  
wat ewigdurend aanhou sweer sweer in  
wag

- o pynlike  
blyheid -

in wag  
op die koms van die vlymstert liefde  
van die aarde so selde suksesvol lanseer  
so selde  
so selde  
fanfaries verwelkom op die maan

HEILIGE STAD

- sancta sancta  
sancta urbs!

'n Koepel van onbreekbare glas  
hurk wydsbeen oor ons stad;

onder die koepel álle móói  
maar buite glib soos slym

drup sag en sinister rooi en nat  
uit ontelbare gieters bo die stad

ontelbare taai stroompies bloed  
wat ons koepel bloedrooi laat roes;

dus salig snoesig 'n unieke muiseras  
ingenes onder ons sonrooi skilferglas

voltrek ons in wollerige streepdrag  
ons seremonies op springende pas.

HENNO STENVERT -

Overweeg my physiologisch  
venus geboren  
stervend de liefde  
worm van de aarde  
meisje en vogels  
dood van de nacht  
een hek geopend  
watervogel

OVERWEEG HY PHYSIOLOGISCH

Adem mij door je neus en mond  
maar je longen, en zuig mij  
naar je bloed, spoel mij  
door je lichaam:

naar de ruime holte van je hart,  
laat mij spoelen om je gedachten,  
stuur mij naar je voeten  
en draag mij, lopend met me  
door de straten; naar je handen  
moet je mij sturen en je handen  
gebruiken met me

of als je wilt -  
stuur mij naar je nieren, je lever,  
je huid, terug naar je longen -  
en verdun mij in je atmosfeer.

## VENUS GEBOREN

laten we elkaar beminnen  
konventioneel liefhebben  
met onze handen als schelpen  
voor de geboorte van Venus

laten me spoolen als schuim  
van de zee "tussen je handen,  
ontvang de golvende zee  
mijn groen lichaam

en laat je haar nat worden  
en kleven om je gezicht, zeg  
konventioneel ik heb je lief en  
bedek je borsten met je handen

STERVEND DE LIEFDE

(voor K.)

Schenk aandacht aan  
mijn bloedloos wordend hart,  
het wit worden van mijn vlees -  
schenk je aandacht aan de komende dood  
van mijn lichaam:  
  
bijt mijn lippen bloedend,  
scheur mijn rug met je nagels:  
  
schenk mij de wonderen van de liefde,  
want mijn lippen worden wit  
mijn rug draagt vlekken van de dood.  
  
laat mij bloedend leven.

WORM VAN DE AARDE

Het kan gebeuren  
dat ik later  
de onderkant  
van afgelopen zolen  
van oude schoenen  
van beschaafde mensen  
zal zien,  
kruipend in het zand.  
Misschien zal het dan  
bovendien onmogelijk zijn  
het gat te vinden  
dat ik gemaakt heb  
in de aarde:  
zorgvuldig uitgevoerd  
met gebreekt modder  
en slijm van mijn lichaam.  
En die schoenen  
zullen geschrokken rillend  
blijven staan  
nadat zij het groene vocht  
geperst hebben  
uit mijn lichaam,  
en ik een vlek geworden ben  
onder de schoenen  
dicht bij de aarde.

### MEISJE EN VOGELS

Ik zag een photo in een boek  
van een meisje op een rots  
die speelde op een fluit

en achter haar vlogen vogels  
als klanken van haar fluit  
in de lucht om haar schouders.

Ik deed het boek dicht  
en zag het meisje met de vogels  
vliegen naar het zuiden.

### DOOD VAN DE NACHT

De nacht kromp ineen  
zoals het sterven van een spin,  
want iemand brak  
de web van de nacht:  
  
brak de draden,  
doodde de spin,  
  
- vallend een cocon  
bijna leeggezogen  
opende ik mij ogen.  
Goedemorgen Zon,  
welkom  
in het land van de doden.

## WATERVOGEL

De watervogel: een tak  
van een dode boom  
rottend in het water  
  
vereensaamde vogel  
vereenzaamd de regenlucht  
de grijze wereld de onbekende  
nevel op het water

Ik ontdekte haar toen  
ik een dicht stuk  
van de nevel was,  
toen ze vloog schreeuwend  
laag boven het water  
  
toen versteende ze mij  
een rottende boom  
mezelf verspiegelend in  
het water.

## EEN HEK GEOPEND

Ik loop naar het hek van de tuin met bloemen.  
Ik open het voorzichtig met groeiende handen.  
  
een hek ge-open dat de tuin beschermd  
waar ik wil groeien  
diep als een boom met zuigende wortels  
van mijn lichaam een rechte stam  
met krampachtige takken van de liefde  
  
Waardig als een boom groei ik in deze tuin met bloemen.

CHRIS VAN NIEKERK -  
bid en skel

BID EN SKEL

As 'n bliksem die nag verlig  
vou warm broers,  
en prewel hande lippe skynheilig teer:  
wie God, sal ons offer  
hierdie keer?

As 'n donder die stilte skeur  
gryp hul een  
en lê hom neer  
en vlug amper statig  
in blinde hutte,  
vensterloos en donker.

As die water spoel en was  
lê later die offer  
skoon en blink  
sy hande koud, soos marmer  
glad en stil.

Dan juig hulle vals  
'n lofsang teen die grasdakke  
- want God is goed! -  
en prys hom met hande klewerig  
van die broederlike bloed.

GEORGE H WEIDEMAN -

vlug  
jagter  
blommekyker  
lied van die erfboer ná 'n goeie somer  
oorlogskop  
besoek van die wit hings  
sperrgebiet  
geoloog  
mite van die toorklip: gedagtespel  
laaste herfs  
uittog met lied en kitaar  
wolkbreuk  
(by die geraamte van 'n digter, + 2000 n.C.)  
verlore kalahari-ryk

#### BLOMMEKYKER

Ek wil weer op Beenbreek tussen die blomme  
gaan buk: die veelheid van kleur indrink  
en die skoonheid myne maak; oor die bontveld  
draf en juig soos 'n klein kind - ek wil  
'n wit gousblom aan my hart vasspeld.

#### LIED VAN DIE ERFBOER NÁ 'N GOEIE SOMER

Die oggend is mooi en vol in die speen:  
ryp spanspek en voordagreën  
wieg op die ooswind, stamp teen  
die kranse, syg deur riet en katoen  
en kom stoel in die hart van my waatlemoen.

#### OORLOGSKOP

Die maan kom sit nie meer saans  
op Oorlogskop en huil nie, net in jou drome  
gil die kartetse nog blink en bont  
Hulle sê daar loop saans by Oorlogskop  
'n Duitser met wit kamaste rond.

#### VLUG

Die haan se kam lê elkeoggend rooi  
MAAR vanoggend vlieg ek met vlerke  
(soos uile) saam met die sterre,  
druk my neus tussen klip en sooi;  
skuil in die arms van 'n kokerboom  
teen die spiespunt van 'n son  
en woorde wat soos koue visse om  
my swem (die ontbinding van bloed) en droom  
en sing, en draf met die duinwind;  
sit knus in die vere van piet-sê-so  
en kyk oor Grootrivier en Namakwaland:  
hier lê nog diamante wat vonkel in die oë.

#### JAGTER

Ek wil weer jagter word oorkant  
Gariep: springbok en gemsbok  
sien speel in die duingras by Witsand;  
met die wapen van die woord weer soek na  
die koedoe wat die groot horings dra.

### BESOEK VAN DIE WIT HINGS

Kelkiewyn se groet het stil-stil gevloor  
in die vreemde grysheid van die oggendlug  
Die bakoor draf al op sy nanagspoor,  
skrik, en draai omkyk-omkyk witwas trug  
'n Voorwind speel op die xnaboomvlak:  
staan op uit die grond, hardloop en tol  
en kom vroetel met sy spitsneus sag  
tussen vuurklip en gousblom en twagraspol  
In die weste is die lug rooi soos vuur;  
die son 'n bloedsteen, 'n groot valk  
wat rooi-oog uit sy ver nes sit gluur;  
sy vlerke sluit dig oor platklip en vlak  
Stoftong op stoftong streep oor die veld -  
geelkapel wat met bakmaak en lyfswaai  
dabbie en witgat en kameelboom neervel;  
teen Swart Aup se skof kruip 'n rooi pluim uit  
Die rooi nag kom met hoewegeklap,  
vol van drif en gloed en drang -  
maar teen die vlies van die aarde, teen boom en tak  
bly slegs enkele druppels huiwerig hang.

En as dit weer lig word, en kelkiewyn soek  
laag oor die leegtes en roep,  
en bakoor trap mank-mank sy diep pyn  
driespoor tussen xouroebosse oop;  
as die lug weer skoon word, en die son stoot  
met warm hand oor Grootrivier -

## GEOLOOG

Die brein so pegmatiet  
is 'n witrif veldspaat en kwarts  
wat berg na berg uitskiet  
As die hart so hamer daarteen tik,  
klink net plek-plek, op graniетrug  
of ouklip die kristal van beeld  
en verbeelding diep onder terug,

## mite van die toorklip: gedagtespel

Die ander ek in my is gesluierd:  
'n veraf tinteling wat ek voel  
en vaagweg sien, soos wanneer die son  
sy krans dof deur die sleepmis gooie;  
'n bewus-wees soos van reën  
agter die wit kam van die horison;  
soms 'n wete wat iewers ryk geskakeerd  
soos spoeklippies in winterwater vonk:  
my ander ek is tieroog; meer: dimensieloos  
My ander ek is towenaar, gees en god.

dan lê die geelkapel so sleepsel wyd: blom  
en boom en veld is gebreek en stil  
Teen Karagas se skuinstes gryp kokerboom en melkbos  
met swart vingers lug-in; die pyn lê oop en vlak: Die  
Wit Hings van die Namib het sy spore diep oor die  
voor-Boesmanland en Gariep kom trap.

## SPERRGEBIET

Oor die sonland; in die vlamrooi sand  
streep sy skoenspoor stram van klip tot klip,  
al op die koelte sy yl voetpad  
en die blink sleepsel van sy eng begrip

In die sandrivier so droë loop  
slinger sy spoor lank om 'n ou gorê  
Langs 'n verweerde skerm gryns 'n hoop  
bleek bene en 'n waterbottel 1ê

halflyf in die sand    Hy sleep sy tam lyf  
verbete voort:    duin-af, duin-op, duin-oor  
tot waar 'n drietal aasvoels met kras gekyf  
saam begin kring met sy kaalvoetspoor.

## LAASTE HERFS

Skerpioen se stert  
buig halfsirkel  
om die son;  
slaap onverstoord  
die laaste dae om

Iemand trek die koord  
en skerpioen slaan  
sy angel sterre-diep  
in die kuitspiervleg  
van die jagter weg

Orion stert  
en die confetti  
val verruklik  
Die groen planeet  
ruk spasmodies, spuit  
'n vuil, swart slik  
op die nag so strande uit.

## UITTOG MET LIED EN KITAAR

As die vroemôreson kliplangs spring,  
val ons in die pad by Lekkersing  
En eers die laatmiddagson van Oumenshoog  
sal ons eendag weer 'n staning bring.

## WOLKBREUK

Die katooguil sit swart gehurk  
teen die bloublits agter die westerkim  
By Brukkaros begin 'n swaarweerwolk  
met flitsende tandé langs die krans af te klim

Die katooguil vou sy vlerke oop  
en vlieg langsaam ooswaarts oor die vlak  
Van twee kante kruip die wolke aan:  
flitsende vlerke wat voor die maan inflap

Die wolke hang met sakbuik laag  
oor die vlak waar die dwarrels dans  
tot 'n dier iewers grom en alles stil en vaag  
word. Iewers skeur 'n tak en die bars

skiet verblindend tussen die sterre deur  
Die katooguil so vlerke sleep en hy sak  
fladderend na benede. Iets gee mee en die maan  
kantel die see van sewentig eue om oor die vlak.

## VERLORE KALAHARI-RYK

Iewers tussen marambaranke het 'n kliptoon  
uit die sand gesteek: die voet van 'n sfinks  
of 'n haksteen van yster en klei uit 'n ou droom

Af in die duin, onder diep kameeldoringwortels  
sper 'n leeu sy kake, maar sy goudbruin maanhaar  
is koud; teen die klippoort pryk twee tortels

Die plaveisel is uitgetrap en teen 'n stalmuur  
kniel drie manne: werwels en skedels vreemd  
gebuig oor pik, graaf en die as van 'n wierookvuur

Onder die plat klip tussen strooistof: kalsedoon  
en smarag, en met vreugde ontdek ons 'n goue skottel  
Die beleë ridderwyn smaak soet en bietjie suur.

(BY DIE GERAAMTE VAN 'N DIGTER, ± 2000 n.C.)

Ons het die geraamte gevind:  
nog ongeskonde soos van platinum  
Spier en murg moes hoeka reeds ontbind  
het, maar in die brein se beenkas  
kom ons af op 'n gewelfde stuk agaat,  
of is dit bandom? Ons geologiese kennis  
is yl - maar tog genoeg om seker te weet:  
hier iewers (vorentoe, grawe!) moet diamante wees;  
die man was tenminste 'n profeet!